

DIE PSICOLOGIES-OPVOEDKUNDIGE FUNDERING,  
DIE DOEL EN DIE PLEK VAN HANDWERK IN DIE SKOOL,  
MET BESONDERE VERWYSING NA TRANSVAAL.

-----00000-----

DEUR  
HUGO DE GROOT.  
VERHANDELING INGEHANDIG BY DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT  
VIR C.H.O. TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE  
VEREISTES VIR DIE GRAAD  
MAGISTER EDUCATIONIS.

PROMOTOR: PROF. H.J.J. BINGLE.

DESEMBER 1957.

- INHOUD -

Bladsy.

VOORWOORD.....	v
----------------	---

HOOFSTUK I.

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN HANDWERK AS  
VAK AAN DIE TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOL.

A. INLEIDING.

1. Terminologie en Definisie.....	1
2. Algemene oorsig van die Geskiedenis van Handwerk.....	3
(a) Handwerk in Prehistoriese tye.....	5
(b) Handwerk in Historiese tye.....	6
B. ALGEMENE OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN HANDWERKONDERWYS.....	8
C. ALGEMENE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN HANDWERKONDERWYS IN SUID-AFRIKA.....	18

D. DIE ONTWIKKELING VAN OPVOEKUNDIGE HANDWERK  
IN TRANSVAAL.

1. Ontwikkeling vóór die Driejarige Oorlog.....	22
2. Vordering gedurende die eerste jare na die oorlog, 1902 - 1908.....	23
3. Die aanstelling van 'n Inspekteur en Orga- niseerder van Tegniese Onderwys in 1908 en die ontwikkeling tot en met die Eerste Wêreldoorlog, 1914.....	27
4. Die Eerste Wêreldoorlog en die ontwikkeling tot 1925.....	41
5. Die oornname van Beroepsonderwys deur die Unie-Departement van Onderwys, 1925.....	50
6. Veranderings sedert die Dertigerjare en die Depressie 1933-1934.....	64
7. Vordering en uitbreiding na die Depressie Tot en met die Tweede Wêreldoorlog, 1939....	69
8. Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog en die vordering tot 1952.....	76

E. SAMEVATTING.....	84
---------------------	----

HOOFSTUK II.

DIE PSICOLOGIES-OPVOEDKUNDIGE FUNDERING VAN  
HANDWERK AS SKOOLVAK.

A. INLEIDING.....	87
B. DIE AANGEBORE NEIGINGS EN EIENSKAPPE VAN DIE SKOOLKIND.	
1. Die Aktiwiteitsdrang by Kinders.....	94
2. Die Algemene Neiging tot Geestesaktiwiteit..	95
3. Die Nabootsingsdrang by Kinders.....	96
4. Weetgierigheid by Kinders.....	98
5. Die Speelneiging by Kinders.....	99
6. Verbeeldingrykheid by Kinders.....	101
7. Die Bouneiging of Neiging tot Konstruksie...	101
8. Die Versamelneiging.....	102
9. Die Sosiale of Kuddledrang.....	102
C. INTELLEKTUELLE ONTWIKKELING.	
1. Die Verstand.....	104
2. Die Verband tussen Motoriese en Verstandelike Ontwikkeling.....	105
3. Die Verband tussen Handwerk en Intellektuelle Ontwikkeling.....	112
D. EMOSIONELE ONTWIKKELING.	
1. Definisie.....	116
2. Invloed en Beheer van die Emosies.....	117
E. ONTWIKKELING VAN DIE WIL.	
1. Die Betekenis van die Wil.....	119
2. Invloed en Beheer van die Wil.....	120
F. INDIVIDUELE VERSKILLE EN DIE KINDERTIPES.....	129
1. Die Motoriese Kind.....	135
2. Die Sensoriese Kind.....	136
G. DIE STADIA EN PERIODES IN DIE KINDERONTWIKKELING.	
1. Die Voorskoolse Periode.....	137
2. Die Skoolgaande Periode.....	138

H. OORDRAG VAN OEFENING.....	144
I. VERMOEIDHEID BY HANDWERK.	
1. Definisie van die Begrip.....	147
2. Vorme van Vermoeidheid.....	148
3. Grade van Vermoeidheid.....	150
4. Meting van Vermoeidheid.....	151
5. Vermoeidheid in die Handwerklokaal.....	153
J. SAMEVATTING.....	154

### HOOFSTUK III.

#### DIE DOEL MET OPVOEDKUNDIGE HANDWERK.

##### A. INLEIDING.

'n Bepaling van die Begrip.....	156
B. N OORSIG VAN DIE DOELSTELLINGE VAN OPVOEDKUNDIGE HANDWERK SOOS GESIEN DEUR OPVOEDKUNDIGES WAT HULLE IN HIERDIE VERBAND BEYWER HET.....	158
C. N ONTLEDING EN FORMULERING VAN DIE DOELSTELLINGE VAN OPVOEDKUNDIGE HANDWERK.....	162
1. Die Nabysynde of Besondere Doelstellings....	163
(a) Die Biologiese Doelstelling.....	163
(b) Die Fisiologiese Doelstelling.....	164
(c) Die Psiyologiese Doelstelling.....	166
(d) Die Sosiologiese Doelstelling.....	168
(e) Die Logiese Doelstelling.....	170
2. Die Verwyderde of Algemene Doelstellings....	171
(a) Die Etiese, Morele of Sedelike Doelstel- ling.....	171
(b) Die Estetiese Doelstelling.....	174
(c) Die Filosofiese Doelstelling.....	174
3. Die Uiteindelike Doelstelling.....	176
D. GEVOLGTREKKING.....	177

### HOOFSTUK IV.

#### DIE PLEK VAN HANDWERK IN DIE SKOOL.

A. INLEIDING.....	178
-------------------	-----

B. N OORSIG VAN DIE PLEK VAN HANDWERK IN DIE OPVOEDINGSPROGRAM EN IN DIE SKOOL, SOOS GESIEN DEUR OPVOEDKUNDIGES WAT HULLE IN DIE VERBAND

BEYWER HET..... 179

C. N OORSIG VAN DIE REDES WAAROM HANDWERK AS ONONTBEERLIK IN DIE OPVOEDINGSPROGRAM BESKOU MOET WORD.

1. Redes gebaseer op Historiese ontwikkeling.... 187
2. Redes gebaseer op Pedagogies-Psigologiese beginsels..... 188

3. Redes gebaseer op Ekonomiese oorwegings..... 191
4. Redes gebaseer op Sosiale oorwegings..... 191
5. Redes gebaseer op Nasionale oorwegings..... 192
6. Redes gebaseer op Skriftuurlike oorwegings... 192

D. DIE PLEK VAN HANDWERK IN DIE SKOOL..... 193

1. Die verskynning van Handwerk op die skool-rooster..... 194

2. Die waarde van Handwerk in vergelyking met die meer akademiese vakke..... 195
3. Die tyd aan Handwerk bestee..... 196
4. Die groepering van periodes..... 199
5. Die standerds wat Handwerk neem..... 200

E. SAMEVATTING..... 200

HOOFSTUK V.

- |                          |     |
|--------------------------|-----|
| SAMEVATTING EN SLOT..... | 204 |
| BYLAAG.....              | 208 |
| BIBLIOGRAFIE.....        | 211 |

- VOORWOORD -

Die opvoeding, of behoefte daarvan, lê in die wese van die mens self opgesluit. Dit het as taak om die onvolwassene te bring tot 'n staat van volwassenheid in die beste en ruimste sin van die woord. In die algemene sin word hier verstaan die hele proses van groei en ontwikkeling, van die wording, die hele deurgang van die mens van 'n staat van afhanklikheid, onselfstandigheid, onrypheid, sedelike onvryheid, onmondigheid, m.a.w. onvolwassenheid tot 'n staat van onafhanklikheid, selfstandigheid, rypheid, sedelike vryheid, mondigheid, in kort volwassenheid. Dit sluit dus in die hele proses van in-en aanpassing op allerlei wyse aan sy hele omgewing, fisiese, psigologiese, sosiale, religieuse ens.

Een van die belangrikste opvoedingsinstitute, indien nie die belangrikste vandag nie, is die skool. Van die skool word vandag verwag dat hy die vernaamste deel van die volwassewordingsproses sal behartig en na die beste van sy vermoë sal laat verloop. Die opvoedingstaak word steeds meer gespesialiseerd en aan die skool afgedra omdat die hanteerbaarheid daarvan vir ander instansies steeds moeiliker word. Van die skool word verwag dat hy fasiliteite sal skep vir die ontwikkeling van al die potensialiteite van die onvolwassene. Die vordering in die Wetenskap van die Onderwys toon dan ook ondubbelzinnig die noodsaaklikheid daarvan aan dat al die potensialiteite van kinders en adolesente ontwikkel moet word ten einde 'n volledige en harmoniese persoonlikheid te verkry.

Een van die belangrikste aspekte van die opvoeding is dié van vaardigheid in allerlei rigtings, te meer omdat die moderne lewe steeds groter eise in die rigting stel. Verstandelike ontwikkeling is ondenkbaar sonder sin-tuiglike ontwikkeling. Hierdie groot fundamentele waarheid in die opvoeding is egter nog nooit algemeen aanvaar en in

v 1

die praktyk toegepas nie.

Die vernaamste middel vandag ter beskikking van die skool vir sintuiglike, en in 'n mindere mate verstandelike opvoeding, is die vak Handwerk. Dit maak nie alleen 'n waardevolle element uit van die morele, maatskaplike en estetiese vorming van kinders en adolesente nie, maar voorsien hulle ook van haas onuitputlike bronne van belangstelling en middele vir die uitdrukking van innerlike gevoelens.

Hierdie belangrike en onontbeerlike middel word ongelukkig nie na waarde geskat en na behore deur die skool benut nie. Die probleem van die handwerkonderwyser is daarin geleë dat hy nie toegelaat word om aan die ontwikkeling en vooruitgang van die algemene opvoeding deel te hê nie, omdat sy terrein nog steeds as aanvullend en nie as fundamenteel beskou word nie.

Gesien in die lig van die moderne neiging in die opvoeding moet hierdie studie dan beskou word as 'n poging om op wetenskaplike gronde 'n bydrae te lewer ter erkenning van Handwerk in die skoolprogram en om 'n gelykwaardige plek daarvoor naas die akademiese of sg. boekonderrig te probeer bepaal. Hiervoor is dit eerstens nodig om die historiese ontwikkeling van die vak na te gaan en vas te stel hoe en waar dit ontstaan het en hoekom dit in die skool posgevat het. Daarna moet dan getrag word om dit opvoedkundig-psigologies te fundeer want sonder sodanige basis kan daar geen regverdiging vir die vak in enige opvoedingsprogram bestaan nie. Hieruit en ook andersins is dit dan moontlik om doelstellinge vir die vak te formuleer wat insae sal verskaf in die moontlikhede daarvan asook die onontbeerlikheid daarvan, waarna daar dan getrag sal word om 'n plek vir Handwerk in die skoolrooster te vind.

Omdat daar tot dusver nog geen finaliteit in die probleme oor handwerkonderrig bereik is nie, word hierdie studie aangebied as 'n hulp en 'n prikkel tot verdere

denke en inspanning. Deurdat dit selfs meningverskille of antagonisme mag uitlok, sal dit hopelik 'n prikkel tot nuwe gesigspunte wees en sal dit sodoende bevorderlik vir Handwerk wees.

Langs hierdie weg my dank aan prof. H.J.J. Bingle, my promotor, vir gewaardeerde belangstelling en hulp aan my verleen. Verder is ek nog baie dank verskuldig aan dr. S.C. Rautenbach vir sy belangstelling en aanmoediging asook vir sy waardevolle wenke en hulp ten opsigte van die taalkundige aspek van hierdie studie. Ook bedank ek my kollega, mnr. T. Botha vir die taalkundige nasien van hierdie werk.

H. DE GROOT.

HEIDELBERG.

DESEMBER 1957.